PSALM 8 : Lof aan die Skepper

Vir die koorleier met musiek. 'n Psalm van Dawid.
Refrein = Teks: TT Cloete 2001. Melodie: *Daar is geen land* – SJ de Villiers 1937

Refrein



Almal: Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde,
hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het.
Vroue: Kinders en suigelinge besing die magtige werk wat U tot stand gebring het.
Mans: So word u teëstanders, die vyande en wraakgieriges, tot swye gebring.
Refrein: Hoe wonderbaar, o Here, is u Naam.
Almal: As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers,
die maan en die sterre waaraan U 'n plek gegee het,
wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien?
Vroue: U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak
en hom met aansien en eer gekroon.
Mans: U laat hom heers oor die werk van u hande, U het alles aan hom onderwerp:
Vroue: Skape en beeste, alles;
Mans: selfs die diere in die veld,
Vroue: die voëls in die lug,
Mans: en die visse in die see wat die oseane deurkruis.
Almal: Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde.
Refrein: Hoe wonderbaar, o Here, is u Naam.